Sy ligdraers
NG Kerk Durbanville-Bergsig

**2014**

# UITREIKE JAAROORSIG




***Voor:*** Ds. Philip Scholtz, Hannelie Stander, Helen Burnard, Mariana Bloemerus, Tania Basson, Gerhard Swanepoel, Magdy, Surita Swanepoel, Wynand Breytenbach
***Agter:*** Mike Burnard, Ds. Eric Swanepoel

*"Van die Issaskar-stam het leiers gekom; mense wat die* **tekens van die tye verstaan** *en geweet het wat die Israelliete moet doen..."* ~ 1 Kron 12:32

Nuusgebeure kan ons deesdae beangs laat en maak dat ons wil wegkruip, of dit kan ons opgewonde maak oor die koms van Christus, want ons sien Jesus se woorde in die Bybel tov oorloë, aardbewings en rampe is waar!

## INHOUD


Bl. 1: INcontext

Bl. 2: Uitreike 2014 Genade alleen

Bl. 3: Geregistreerde uitreikprojekte

Bl. 4: Frontida Outreach
Thailand
Volwassenes leer lees in Klipheuwel
Getuienis uit Mosambiek
Milange

Bl. 5: Geloofsgelofte-Offers

Bl. 6: Operasie Mobilisasie

Bl. 7: Uitreikbegroting
Behoeftes
Belangrike datums & Deuroffers
Ek wil ook iets doen

Bl. 8: Uitreike in beeld: Foto-oorsig
Kos vir Kersfees


Om vandag die seisoene en tye te interpreteer is dus steeds net so `n belangrike deel van sending en die vestiging van God se Koninkryk op aarde.

Die afgelope jaar het so baie in die wêreld gebeur en hoewel dit lyk of chaos in dele soos Sirië, Irak, Iran, Ukraïne, Israel, Egipte en Afghanistan heers, maak dit mens opgewonde om te sien hoe die Here daar beweeg! Soos die chaos toeneem, skep dit ongelooflike geleenthede in dié dele waar mense moeg is vir onderdrukking ... die oes is dus groot!

By INcontext beywer ons ons om gemeentes en gelowiges te help om wêreldgebeure deur `n Bybelse lens te sien en om betrokke te raak daar waar God reeds strategies besig is in Asië, die Arabiese wêreld, Afrika en die Golf-streek. So het `n paar Bergsig-lede vroeër die jaar na Egipte gegaan om by `n paar strategiese bedieninge besoek af te lê. Die geestelike rykdom waaraan ons egter blootgestel is in die Vervolgde Kerk, is van onskatbare waarde en ons kan so baie by hulle leer!

Ons is ook opgewonde dat Eric en Surita Swanepoel vanaf Januarie 2015 op `n permanente basis by die INcontext-bediening gaan betrokke wees. Eric sal die Kerk bedien deur gemeentes bekend stel aan die Vervolgde Kerk en ook om saam met hulle na te dink oor bestaande sendingaktiwiteite en —strategieë.

Indien jy meer wil weet van wat God deur die INcontext-bediening doen, besoek gerus die webwerf

www.incontextministries.org
of kontak vir Eric by
eric@incontextministries.org

# UITREIKE 2014: GENADE ALLEEN

Dit is met harte vol dankbaarheid dat hierdie bediening kan terugkyk oor 'n jaar se werksaamhede. Wanneer jy dink oor laasgenoemde, dink ek onwillekeurig aan Jakobus 2 van vers 14: *Wat help dit, my broers, as iemand beweer dat hy glo, maar sy dade bevestig dit nie? Kan so 'n geloof 'n mens red? :15 Sê nou daar is 'n broer of 'n suster wat nie klere het nie en dag vir dag honger ly, :16 en sê nou een van julle sou vir hulle sê: "Mag dit met julle goed gaan; gaan trek julle warm aan en eet genoeg," maar julle gee nie vir hulle wat hulle nodig het om van te lewe nie, wat help dit dan? :17 So gaan dit ook met die geloof: as dit nie tot dade oorgaan nie, is dit sonder meer dood.* Die uitreikbediening poog voortdurend om die liefde van ons Here Jesus, prakties, diensbaar uit te leef. Dit is wanneer noodlydendes praktiese liefde aan hulle lyf voel, dat dit as God se liefde ervaar word. Liefde, weet ons is meer 'n doen- as 'n praatding.

Die werk van die uitreikbediening laat my ook dink aan Matteus 25:35 *want Ek was honger, en julle het My iets gegee om te eet; Ek was dors, en julle het My iets gegee om te drink; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My gehuisves; :36 Ek was sonder klere, en julle het vir My klere gegee; siek, en julle het My verpleeg; in die tronk, en julle het My besoek.' :37 Dan sal dié wat die wil van God gedoen het, Hom vra: 'Here, wanneer het ons U honger gesien en U gevoed, of dors en U iets gegee om te drink? :38 En wanneer het ons U 'n vreemdeling gesien en U gehuisves, of sonder klere, en vir U klere gegee? :39 Wanneer het ons U siek gesien of in die tronk en U besoek?' :40 En die Koning sal hulle antwoord: 'Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen.'* Hierdie "vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen", is ook die "olie" van die tien meisies in die gelykenis aan die begin van hoofstuk 25. 'n Gelykenis word gewoonlik in die daarop volgende of voorafgaande gedeeltes verklaar. Net so min soos wat Jakobus wil sê dat ons deur goeie werke gered word, net so min wil Matteus 25 sê dat ons deur ons dade van barmhartigheid gered word. Dit gaan mos daaroor dat ons geloof "gesien" moet kan word, op so 'n wyse dat ons Vader in die hemel verheerlik sal word en dit is hieraan wat die genoegsame olie van die vyf verstandige meisies voldoen en die leefstyl van die skape aan die regterhand van God, gekenmerk word.

Wat my verder opgewonde maak oor hierdie bediening, is dat dit die gordyn so bietjie oopskuif om die beweging van God deur sy Gees in Durbanville-Bergsig te kan sien. Hierdie beweging is nie iets wat ek van die kantlyn af wil aanskou nie, maar pens en pootjies self wil beleef. Nie alleen wil ek die vrug van sy liefde in ander se lewens sien nie, maar wil ek graag self die vrugte daarvan pluk. Ek is stom van verbasing oor twee lidmaat-sendelingpare in Thailand, ek is opgewonde oor die nuwe toekoms en uitdagings van die kerk in Mosambiek en die nuwe vlak van ondersteuning wat dit gaan vra, ek voel onbeskryflik dankbaar as ek die dankbare getuienis hoor van mede-Christene in vervolgde lande, ek deel in die dankbare verligting van finansieel-vasgeloopte mede-lidmate en het 'n opgewonde verwagting as een dominee vir die helfte van sy tyd na die Vervolgde Kerk geroep word en 'n ander dominee lering verskaf aan geestelik dorstige kinders van die Here in die mees bedreigde omstandighede.

Ek is stom van verbasing oor die ontsagwekkende, asemrowende God van die Bybel, aan wie ons uit genade kan behoort, deur Jesus Christus se soenverdienste, wat nie huiwer om te werk, sodra sy kinders hulle onvoorwaardelik aanbied vir sy diens nie. Die geestelike reis saam met God deur sy Heilige Gees, is inderdaad opwindend. God sal, kom saam ...!

*Ds. Philip Scholtz*
*Uitreikeleraar*



















**Ek het U op die aarde verheerlik deur die werke te volbring wat U my gegee het om te doen.**

**Johannes 17:4**

# Geregistreerde uitreikprojekte van Durbanville-Bergsig:

## Projekte by ons voordeur

| NR | UITREIK-PROJEK | PROJEKLEIER | TEL. NR. | SEL. NR. | E-POSADRES |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Attie van Wyk Laerskool | Nelda Rossouw | | 0832351400 | neldarou@gmail.com |
| 2 | Bediening onder Moslems | Elnarie Barnard | 021 976 1778 | 083 430 0909 | eljan@webafrica.org.za |
| 3 | Betesda | Hans Human | 021 975 6715 | 082 549 0518 | hansjhuman@gmail.com |
| 4 | Breiprojek | Ilze Lammers | | 072 623 1967 | ilze.lammers@gmail.com |
| 5 | Diemersdal-buitedienste | Gert Saunders | 021 976 1685 | 082 452 5910 | ssystems@iafrica.com |
| 6 | Durbanville Kinderhuis | Danita van den Bergh | 021 976 4275 | 072 626 5262 | danitavdb@gmail.com |
| 7 | Durbanville Kliniek | Louise Venter | 021 976 3887 | 083 457 5595 | venterlt@gmail.com |
| 8 | Fisantekraal Centre for Development | Verna Esterhuyse | 021 976 4158 | 083 455 9495 | verna.esterhuyse@gmail.com |
| 9 | Fisantekraal-buitedienste | Dennis van Rooyen | 021 919 1746 | 082 441 5985 | olives.wes@gmail.com |
| 10 | GGO | Martin Slabber | 021 975 1517 | 083 413 3256 | mjjslabber@vodamail.co.za |
| 11 | Golden Games | Rahlene Uys | 021 979 2415 | 072 103 8852 | rahlene@mwebbiz.co.za |
| 12 | House of Grace | Petro Nel | | 0829901218 | petro.nel@vodacom.co.za |
| 13 | Jesus Can | Lee Sives | | 072 964 0747 | jesuscan33@gmail.com |
| 14 | Klere-projek | Sandra Niewoudt | 021 975 0961 | 072 988 6162 | pietern@pepstores.com |
| 15 | Kos vir Kersfees | Paul van der Merwe | 021 976 2497 | 082 415 2632 | paul@koebergrekenaars.co.za |
| 16 | Kosprojek | Hester Stassen | 021 975 6240 | 082 903 0236 | epos@telkomsa.net |
| 17 | Magdalena Huis | Anneke Scholtz | 021 976 6480 | 083 462 1055 | anneke@countingpros.co.za |
| 18 | New Beginnings | Rahlene Uys | 021 979 2415 | 072 103 8852 | rahlene@mwebbiz.co.za |
| 19 | S.A.P.D. | Hester Stassen | 021 975 6240 | 082 903 0236 | epos@telkomsa.net |
| 20 | Sopprojek | Jolene Schoeman | 021 949 2208 | 083 444 3550 | sales@dynamikos.co.za |
| 21 | Tyger Bear | Hanlie de Jonge | 021 975 0579 | 072 954 2866 | hanlie@therido.co.za |
| 22 | Welgegund-buitedienste | Hercules Stander | 021 975 4193 | 082 853 6032 | standerh@mweb.co.za |
| 23 | Klipheuwel geletterdheidsprojek | Hester Stassen | | 0829030236 | epos@telkomsa.net |
| 24 | The Veil | Oswald Opperman | | 0791089697 | oswald@theveil.co.za |

## Projekte oor grense heen

| NR | UITREIK-PROJEK | PROJEKLEIER | TEL. NR. | SEL. NR. | E-POSADRES |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Die Vervolgde Kerk | Henoch Schoeman | 021 979 2390 | 083 306 9901 | henoch.schoeman@gmail.com |
| 2 | Frontida | Maria Swanepoel | | 083 456 3045 | mariatjie@gmail.com |
| 3 | Gewillige Hart | Marike Roux | | 072 393 0426 | rouxmarike@gmail.com |
| 4 | Mission Aviation Fellowship Tanzanië | Gert Uys | 021 979 2415 | 082 807 4455 | gertuys9@gmail.com |
| 5 | Mosambiek : Evangelisasie | Abrie Coetzee | 021 976 5647 | 082 370 8489 | ajcoetzee@pgwc.gov.za |
| 6 | Duitsland: Menges-gesin | Linda Coetzee | 021 976 5647 | 084 670 7767 | linda@schoongezicht.net |
| 7 | Thailand: Klasie en Ida van Heerden | Gert Uys | 021 979 2415 | 082 807 4455 | gertuys9@gmail.com |

# Frontida Outreach Thailand

Hoe vreemd voel dit om in 'n ander land en sy kultuur te woon? Hoe vreemd voel dit om elke oggend wakker te word en te besef dat jy nie jou bloedfamilie en jarelange vriende vandag gaan sien nie? Hoe vreemd voel dit om te weet dat jy nie vandag jou gunstellinggereg kan voorberei vir aandete nie omdat verskeie bestanddele nie hier te kry is nie? Hoe vreemd voel dit om nie voor 'n TV te gaan sit en bietjie te ontspan nie, want jy het nie een nie? Wel, dit voel juis net vreemd. Daar is tye van verlange maar dit oorweldig nie die rede hoekom jy in die vreemde is nie. Die vreemde is werklik 'n avontuur want die rede vir die vreemdheid oorweldig alles in die lewe. Die vreemde kultuurervaring is onbeskryflik. Die deelname daaraan bring nog meer opwinding. Waar my kultuur en sy kultuur ontmoet, kry albei van ons geleentheid om te leer. Leer deur Gees en geloof. Leer van liefde, vrede, hoop en aanvaarding. En dan besef jy dat die vreemde maar nes jy is. Ons is een. Een Ko-ninkryk. Wat 'n voorreg waarin alle eer, dank en waardering gaan aan Abba Vader.

**André Olivier en Thai-baba deel 'n oomblik.**



**Vir meer inligting oor die Vervolgde Kerk, besoek die volgende webwerwe en kry die gratis nuusbriewe:**

**Christelike Sending Internasionaal**
**t:** 011-873-2604/05 / cmi@persecution.co.za / www.persecution.co.za

**InContext Ministries**
**t:** 031-7655702 / mike@incontextministries.org / www.incontext

**Geopende Deure**
**t:** 011 888 9341 / southafrica@od.org / www. opendoors.org.za

## Getuienis uit Mosambiek Milange

'n Maand of wat terug stap ons op die Milange mark rond en kom af op 'n Noorweegse skeepsvlag (rooi agtergrond met blou kruis). Dit lyk tog te mooi en ons koop dit toe om oor een van die beddens in die huis as bedsprei te gebruik. Twee dae later is ek besig om 'n groepie van drie manne op te lei oor hoe om die Jesus-filmmateriaal te gebruik. Hulle het 35km ver met drie fietse gekom om die kragopwekker, projektor, ens. te kom haal. Volgende week pak hulle weer die 70km heen en weer aan om dit terug te bring. Al wat nog makeer is om aan hulle die werking van die kragopwekker te verduidelik. Ek gooi brandstof in, gaan al die skakelaars na en trek die tou wat die enjin moet aanskakel... die tou breek. Hy is heeltemal deurgeslyt en kan nie herstel word nie. Hulle verkoop slegs nylontoue op die mark. Dit gaan nie werk nie. Skoenveters is te kort en te dun. Wat moet ek doen? Moet ek die drie manne met leë hande terugstuur? Ek onthou van die vlag met die kruis op, aan die een kant was daar 'n stukkie tou vas waarmee die vlag gehys word. Ek neem die gebreekte tou om te gaan meet. Nie net is die twee toue van presies dieselfde materiaal gemaak nie, dit is ook dieselfde dikte en dieselfde lengte. Ek sny die vlag se tou af en monteer dit op die kragopwekker, hy skakel - met die eerste probeerslag aan. Die drie manne is op hul fietse hier weg om die Jesusfilm te gaan wys nadat hulle gesien het hoe die Here self voorsien. Die Here weet wat ons nodig het om Hom te kan dien. Hy sal die nodige voorsien.

Mosambiek Evangelisasie: Kobus en Nana Eksteen



## Volwassenes leer lees in Klipheuwel

Die projek het gedurende die afgelope paar jaar sedert 2011 in die gemeenskap van Klipheuwel ontstaan. Dit word gelei deur H20 in samewerking met Stellenbosch Community Learning Centre en Shiloh Synergy, bygestaan deur vrywillige gemeentelede van die gemeentes Durbanville en Durbanville-Bergsig.

Die projek fokus op volwasse onderrig met ouderdomme wat wissel tussen 16 en 79 jaar.

# Geloofsgelofte-offers 2013/2014

Hartlik dankie aan elke Bergsig-lidmaat wat verbind was en bygedra het tot Bergsig se Geloofsgelofte-offerprojek (GGO) gedurende die afgelope 2013/14 kerkjaar.

U het weereens meegehelp om 'n rekordbedrag van R957 761 gedurende gemelde jaar vir hierdie doel by te dra (vergeleke met R940319 tydens 2012/13). So sien ons God se seën aan ons in hierdie projek ongeag ekonomiese tendense wat ervaar word. Ons loof en prys en dank Hom daarvoor. Hierdie GGO-fondse is versprei oor 42 uitreikprojekte / instansies, waarby Durbanville-Bergsig bevoorreg was om betrokke te kon wees en finansieel kon ondersteun, soos in onderstaande skedule (van die grootste tot die kleinste) aangetoon. Van die totale GGO-fondse ontvang, is 46.44% aangewend vir projekte / instansies "by ons voordeur", terwyl 53.56% van die totaal aan projekte / instansies "oor grense heen" gegaan het. Baie hartlik dankie vir die getroue wyse waarvolgens u u geloofsgelofte nagekom het. Ons opregte dank en alle eer aan ons hemelse Vader wat hierdie projek op so 'n wonderlike wyse jaarliks in stand hou en laat groei en aldus ook Bergsig inskakel by Sy koninkrykswerk. n Jaarlikse GGO-inkomste van R1-miljoen is nou vir Bergsig in sig.

**GGO-VERDELING : 2013/14**

| NOMMER | | PROJEK / INSTANSIE | Projekte op ons voordeur | Projekte oor grense heen |
|---|---|---|---|---|
| | | | R | R |
| 1 | | Lidmaat-uitreike | | 98312 |
| 2 | | Kosprojek | 95000 | |
| 3 | | Jesus Can Projek | 84195 | |
| 4 | | F.C.D. | 60000 | |
| 5 | | Mosambiek : Medies | | 56250 |
| 6 | | Thailand : Wikie Coetzee | | 36400 |
| 7 | | O.M. Menges-gesin | | 30000 |
| 8 | | Mosambiek : Evangelisasie | | 28098 |
| 9 | | Mosambiek : Geletterdheid | | 25200 |
| 10 | | Mosambiek : Andre Thiart | | 24343 |
| 11 | | Frontida Outreach | | 24189 |
| 12 | | VCSV | 24000 | |
| 13 | | Kingfisher M.S. | 12000 | 12000 |
| 14 | | Oekraïne : Tokarchuk-gesin | | 20004 |
| 15 | | Maatskaplike hulp | 20000 | |
| 16 | | Handevat : Danie Murray | | 20000 |
| 17 | | Geopende Deure | | 20000 |
| 18 | | Mission Aviation Fellowship | | 20000 |
| 19 | | Betesda-huis | 19000 | |
| 20 | | Mosambiek : IRM | | 18850 |
| 21 | | Huis Aristea | 18000 | |
| 22 | | Durbanville Kinderhuis | 17000 | |
| 23 | | Huis Jabes | 16000 | |
| 24 | | Teologiese student : Afrika | | 16000 |
| 25 | | Malawi : Home of Hope | | 15000 |
| 26 | | Frankryk : Marita Niemand | | 15000 |
| 27 | | House of Grace | 14200 | |
| 28 | | New Beginnings | 12000 | |
| 29 | | Magdalena Huis | 10000 | |
| 30 | | Ngamiland Boesmansending | | 10000 |
| 31 | | InContext | | 10000 |
| 32 | | R.C.A. Zimbabwe | | 9000 |
| 33 | | Bediening onder Moslems | 7000 | |
| 34 | | Jeug | 6600 | |
| 35 | | S.A.P.D. | 5000 | |
| 36 | | VGK | 5000 | |
| 37 | | Klipheuwel-projek | 4000 | |
| 38 | | TIW | 4000 | |
| 39 | | Getuienisweek : GGO-Sondag | 4000 | |
| 40 | | Attie van Wyk Laerskool | 3000 | |
| 41 | | Borg-'n-Kamer | 2500 | |
| 42 | | Thailand - Gebedsuitreike | | 2000 |
| 43 | | Admin Uitgawes | 2310 | 2310 |
| | | **TOTAAL** | **444805** | **512956** |
| | | | **46.44%** | **53.56%** |

# OPERASIE MOBILISASIE



Wat 'n voorreg om eerstehands te kon gaan kyk waar Tobias en Sandra Menges, met hul drie pragtige dogters, in Duitsland woon. Tydens ons vakansie het ons vir vyf nagte by hulle tuisgegaan.

Korntal-Münchingen, naby Stuttgart, is 'n stukkie oase in Europa! Hier by die Akademie für Weltmission http://www.awm-korntal.eu/ word wêreldsendelinge opgelei. Tobias is 'n lektor terwyl hy besig is met verdere nagraadse studies. Studente van oor die wêreld kom hierheen vir korter of langer tydperke en kan ook graadkursusse voltooi met akkreditasie van die Columbia International University, South Carolina.

Ek en my man is deur die rektor,Traugott (ja, dit is sowaar sy naam – Afrikaans vertaal "vertrou God"!), genooi vir koffie in sy kantooor saam met Sandra en Tobias (en Sandra het nie op haar laat wag nie en ons bederf met 'n heerlike gebakte kaaskoek). Ons kon vertel hoe ons verbintenis met Sandra - destyds 'n gemeentelid van Bergsig - die afgelope 20 jaar gegroei het tot 'n baie spesiale verhouding van respek en vertroue. Die band tussen Operasie Mobilisasie en die universiteit is herbevestig.

Korntal, waar hulle woon, se interessante geskiedenis verduidelik hoe dit moontlik is dat feitlik die hele "dorp" aan die "kerk" behoort. Lees meer hieroor http://en.wikipedia.org/wiki/Korntal

Die Menges-gesin woon gerieflik op die universiteit se perseel. Annelie, Ilana en Liesl is naby genoeg aan skool- en ander aktiwiteite om te kom en gaan soos hul bedrywige programme vereis. En waar hulle woon is dit veilig om op hul eie rond te beweeg. Elkeen stap of ry op een of ander tipe fiets (of skopfiets of eenwielfiets!) soos wat die geleentheid hom voordoen. Vroeg soggens stap Sandra teen die bultjie straataf om vars brood op die hoek te koop. Hulle gebruik hul voertuig slegs indien hulle buite die dorpsgrense iewers moet heen - en ons het agterna eers besef hoeveel moeite hulle gedoen het om baie kilometers ver te ry om hulle mooi omgewing vir ons te wys. Dit bly 'n romantiese avontuur om in 'n regte egte kasteel rond te loop en om laataand (terwyl dit nog 21:00 daglig is!) piekniek te hou op die groot grasperke langs die woud.

Maar dit was ook baie kosbaar om saam met hulle in Korntal se skoon strate te stap en te sien hoe hulle dag verloop. Ons kon die perseel sien vanwaar Sandra en haar vennoot, Adelheid, se KREAtief projek bedryf sal word. Dis 'n heerlike droom wat einde September waar geword het – Sandra sal sekerlik meer hiervan in haar volgende nuusbrief vertel.

Dis 'n baie spesiale gesin wat elke oggend 7uur saam ontbyt, middagete saam geniet en saam aansit vir aandete! Drie maaltye per dag saam om 'n tafel? Dis iets om te beleef! Die kinders se gesprekke en belangstelling in hul gaste en in die lewe in die algemeen, is verbysterend! Hulle werk hard en is gedissiplineerd – hulle doen hul deel in die gemeenskap en vaar uitstekend in hul skole, hetsy met akademie of kultuur. Liesl het die hoofrol gespeel in die musiekblyspel, Ester, kort nadat ons daar was. So het die ouer sussies ook al hul beurte gehad met hoofrolle. Die meisiekinders lewer koerante af vir sakgeld en doen hul deel in die huis – die huis is in denkbeeldige kwarte verdeel en elkeen is elke week vir haar kwart (wat geroteer word) se skoonmaak verantwoordelik. Niemand word gesoebat om iets te doen nie. En niemand mor en kla nie. Hulle verstaan blykbaar van 'n jong ouderdom af baie dinge van die lewe.

Om betrokke te wees by Operasie Mobilisasie, en spesifiek die Menges-gesin, is beslis 'n betrokkenheid by Wêreldsending. Wat 'n voorreg om iemand te ontmoet wat intensioneel leef! Sandra trap diep spoortjies vir Jesus waar sy ookal loop, stilweg beweeg, of geroetineerd ondersteun. Sy lewe met 'n doel en weet hoe om die talente wat sy ontvang het, tot voordeel van God se Koninkryk in te span.


Indien jy haar nuusbriewe elektronies wil ontvang, kontak: linda@schoongezicht.net.


Bydraes vir die OM projek kan by die kerkkantoor gemaak word. En indien jy deel wil raak van die projekspan, is jy welkom om een van die spanlede te kontak.

### OM-PROJEKSPAN NG GEMEENTE DURBANVILLE-BERGSIG :

Linda Coetzee, Wilna Jansen van Rensburg, Marguerite Potgieter, Marina Olivier, Christelle Bouwer

# Die uitreikbegroting




## Behoeftes vanuit die uitreikekantoor

- Ons benodig voortdurend bekostigbare behuising vir persone wat hul huise verloor
- Fondse vir kos
- Bydraes tot ons maatskaplike fonds waaruit bv. medikasie, brandstof, ens. befonds word

## Belangrike uitreikdatums / gebeurtenisse

Uitreike naweek: 17-19 Okt. 2014

Opleiding vir kort straatuitreike:
30 Jan 2015

## Deuroffers:

2014:
Deuroffer vir MES Kaapstad – 2 Nov
Deuroffer Straatwerk - 16 Nov
Deuroffer vir Kos vir Kersfees – 30 Nov
Deuroffer Makhatini - 7 Des
Deuroffer Mfesane - 14 Des
Deuroffer vir Borg 'n Kamer – 21, 28 Des

# Ek wil ook iets doen ...

Vele gemeentelede skakel reeds by ons projekte in volgens hul passie, gawes en belangstelling. Dit bly ons doelwit dat die betrokkenheid van lidmate by die onderskeie projekte steeds sal toeneem.

Ons wil u dus graag aanmoedig om u betrokkenheid by een of meer projekte 'n saak van gebed te maak. Ons vertrou dat die Here dit duidelik sal maak waar in sy koninkryk Hy u wil aanwend. Stel uself beskikbaar om Sy lig deur uitreike te weerkaats.

### Wat moet ek doen as ek betrokke wil raak?

- Indien u by een of meer van die bestaande uitreikprojekte betrokke wil raak, bel gerus die projekleier direk.
- Indien u 'n nuwe uitreikprojek wil loods, bel gerus vir Annamaré Visser by die kerkkantoor.

### Wat is die vereistes om 'n nuwe projek te loods?

'n Projek moet daarop gerig wees om:

- die materiële nood van individue/groepe te verlig
- mense geestelik toe te rus, en
- mense te bemagtig en in staat stel om hulself te kan help.

Sodra u aansoek oorweeg en goedgekeur is deur die Uitreikbestuurskomitee, sal die projek geregistreer word en 'n projekspan saamgestel word wat 'n projekplan, volgens voorgestelde formaat, sal opstel.







## Uitreike in beeld










# Kos vir Kersfees

Maak 'n skenking aan ons projek en help so ander minderbevoorregtes. Ons bid vir diegene wat nie kos het om te eet gedurende die feesseisoen nie.

Ons het verlede jaar 10 ton kos na drie gemeentes versprei.

Navrae: Paul 082 415 2632



**NAVRAE BESONDERHEDE:**

Annamaré Visser

Tel 021 976 4106 x 103

uitreike@bergsigdv.co.za